DEEL 114 | WEEK 7 | 18 FEBRUARIE 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# GOMKOPPE 'N KOPSEER VIR SAKEGEBIED

"Daar was die afgelope twee weke ses gryp-en-hol diefstalle by my slaghuis en ek is raadop", sê Dries Cilliers van OJ's Meat Market. "Hierdie mense gebruik dwelms en snuif gom openlik in die strate en die Polisie kyk net anderkant toe. Drie weke gelede het ons een gevang en hom agter in 'n toilet by die slaghuis toegesluit.

Die SAPD is omstreeks 11:00 gekontak en nog vyf keer daarna, en steeds het hulle nie opgedaag nie. Die persoon wat toegesluit was het op 'n manier uit die toilet ontsnap en met die uithardloop slag boonop 'n handvol biltong gegryp. Die Stasiekommissaris is teen 16:15 ook gekontak om die voorval en ontevredenheid aan hom te verduidelik, maar steeds word daar niks aan gedoen nie.

Nie net ek word geteiken nie maar die besighede in die omgewing ook. Daar is groot stormwaterpype onder teen die spruit waar die persone slaap en meeste van hulle dwelmmisbruik word daar gedoen. "Ons het nou genoeg gehad" het Cilliers mee afgesluit.
















# LOOPBRUG NA PETRUS STEYN

Dit is nie die eerste keer dat waargeneem word hoe gemeenskapslede hulle moue oprol om self aan die infrastruktuur te bou en herstel nie. As die munisipaliteit nie wil help nie maak mense gereeld self 'n plan. Boere en ondernemings van Petrus Steyn bou self 'n brug oor die Renosterrivier sodat inwoners van die Mamafubedu-gemeenskap veilig in die dorp kan kom. Dit sluit onder andere in die leerders van Kwetlisong Secondary School wat met hoë reënval soms glad nie by die skool uitkom nie. Bejaardes sukkel ook om deur die modder te kom. Erfenisaktivis en inwoner van Petrus Steyn, Twin Mosia, vertel dat hy as leerling ook van hierdie 5km voetpad van Mamafubedu deur die Rhino Heritage Park na Petrus Steyn gebruik gemaak het. "Ongeveer 1000 mense, leerlinge en werknemers, maak daagliks van die pad gebruik omdat hulle nie 'n taxi kan bekostig nie". Die gemeenskap beplan nou al jare aan hierdie projek, maar nou met die onlangse reën word daar daadwerklik iets aan die saak gedoen nadat mense geval het en beseer is. Daarby sukkel hulle ook al jare om die Renosterrivier skoon te hou van rioolvuil en afvalmateriaal en word hierdie geleentheid gebruik om daaraan ook aandag te gee. Twin is bekend in die Riemland Roete vir sy liefde vir erfenis en die omgewing. Hy sê dat Nketoana-munisipaliteit oor die projek gekontak is, maar geen terugvoering ontvang is nie, en dit lyk of hulle geen belangstelling toon nie. In samewerking met die Elandskop-museum, Rhino Heritage Park en vier vrywillige ondernemings, insluitend High Fert en Riemland Country Shop, almal plaaslik, word daar beoog om die 30 meter loopbrug oor die rivier teen Maart voltooi te hê. Dit word moontlik gemaak deur kontantbydraes, die leen van groot masjinerie en vrywilligers wat bereid is om te help met die bouwerk. Hierdie projek word ook onderneem as deel van die viering van Petrus Steyn se 110de bestaansjaar.



# MATRIEKKLAS VAN 2027 - HOËRSKOOL HEILBRON

"Ons is trots op ons skool, ons droom groot, ons bereik ons doelwitte. Ons leer hard, ons speel hard. Ons mik hoog en ons vlieg hoër. Ons bou mekaar op, by Hoërskool Heilbron ondersteun ons mekaar." Hiermee word al die voornemende graad 8 leerlinge van 2023 asook hulle ouers uitgenooi na Hoërskool Heilbron se Opedag.

24 Februarie 2022

Leerlinge: 14:00 by die skool.

Ouers: 16:45 in skoolsaal


Braai na afloop van die saalverrigtinge.

Bring eie kampstoele.

"Hoërskool Heilbron, ons hou die doel voor oë. Daar is nie 'n beter plek om 'n "grootmens" te word as hier by ons op die Platteland nie."










## VACANCY

SPAR

### GRV CLERK

**SPAR Heilbron has a vacancy for the above-mentioned junior position.**

**POSITION INVOLVES:** Maintaining inventory data, pricing and POS, reports, Interdepartmental transfers, ordering and promotions.

**REQUIREMENTS:-**
Minimum Matric certificate and extensive computer literacy. Relevant experience essential.

**Email CV's to**
odette.sparheilbron@gmail.com, unfortunately no drop-off CV's will be accepted.


# NGWATHE GOP - ONTHOU 23 FEBRUARIE 2022

Inwoners word vriendelik herinner aan die openbare vergadering wat sal plaasvind op 23 Februarie 2022 om 17:30 by die Dorpswag se kantore. Dit word gereël deur Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe met die doel om insette van inwoners te ontvang van kapitaalprojekte wat hulle in die munisipaliteit se nuwe Ge-integreerde Ontwikkelingsplan (GOP) opgeneem sou wou sien.

Wetgewing vereis dat die nuut verkose raad 'n vyfjaarplan moet opstel waarin die kapitaalprojekte wat hy gedurende sy termyn wil aanpak, vervat moet word. Inwoners moet geken word in die proses en hul insette moet in ag geneem word wanneer die plan saamgestel word. Hierdie is dan die geleentheid waar die publiek hul insette kan lewer vir oorweging.

Kapitaalprojekte wat tans in Ngwathe in proses is behels onder andere die opgradering van die rioolwerke te Koppies, vervanging van hoof-watergeleidingspype in Parys, oprigting van 'n verdere druktoring met pyplyn vir water in Heilbron, herbou van die hoof-rioollyn in die Heilbron nywerheidsgebied, oprigting van 'n nuwe substasie met twee nuwe transformators te Koppies, lê van 'n nuwe waterpyplyn vanaf Koppiesdam na Edenville, asook vergroting van die Koppiesdam suiweringswerke met die bou van 'n pompstasie en die oprigting van 'n brug in Heilbron wat toegang na Phiritona tydens reëntoestande moontlik sal maak.

Voorgaande kan volgens raadslid Van der Merwe dien as riglyne van die tipe projekte wat in die GOP opgeneem kan word en daar is ruimte om bv. ook projekte soos herstel/herbou/herseël van strate en vervanging/opgradering van uitgediende infrastruktuur te kan akkommodeer. Hy versoek dat inwoners solank hul gedagtes laat gaan en hul insette dan by die voorgenome vergadering sal opper.

Daar moet 'n teenwoordigheidsregister by die vergadering gehou word om die mate van steun wat die insette geniet te bewys en dit is dus noodsaaklik dat soveel as moontlik inwoners dit wel bywoon en hul steun aan voorstelle betoon.

# HUPPEL TRIPPELAARS KUIER GESELLIG SAAM

Ná 'n week se noodgedwonge uitstel omdat 'n aantal personeellede Covid onder lede gehad het, het die opgewondenheid Dinsdag-oggend hoog geloop in die Oord se rooi sitkamer. Met Martie Olivier wat die noot gegee het, het 29 breine in hoogste versnelling gewerk om eerste die antwoord te kry. Die leidrade het wye draaie geloop. Van so ver terug as Chris Blignaut se Ou Ryperd tot by Koos Dup se Sprokie vir 'n Stadskind wat Laurika Rauch so mooi sing. Tussen-in was daar van FAK- en Volkspele liedjies tot by Barry Sadler se Ballad of the Green Berets.

As iemand gedink het ons kon hierdie 29 gryskoppe vasvra, moet hy weer dink. Elke noot is geïdentifiseer; en elke vraag is beantwoord! Dit was heeeerlike sports!

Bettie Swart se baie lekker gebak het gesorg vir 'n salige stilte terwyl elkeen sy/haar soet en sout geniet het. Dit was ook 'n riem onder die hart om 'n paar nuwe lede te kon verwelkom; asook om 'n paar dorpenaars daar te kon hê. Die Huppel Trippelaars se harte is oop vir elke Heilbronner wat wil kom saamkuier elke tweede Dinsdag-oggend.

By ons volgende saamkuier sal Ria van Vuuren die spreker wees.



*Op die foto: Martie Olivier as Pianiste.*













# HOËRSKOOL REITZ



Wihan van der Schyf en Zanell Dorfling is gekies as die Hoërskool Reitz se VRL-verteenwoordigers vir Graad 9



Hennie de Wet, 'n graad 12-leerder van Hoërskool Reitz was beide die Victor Ludorum en Veelsydigste seunsatleet van die Hoërskool-afdeling



Gerhard Fourie, 'n Graad 12-leerder van Hoërskool Reitz het die Promania visvangtoernooi wat op 22 en 23 Januarie plaasgevind het gewen. Hy kry die eerste plek op Sondag vir sy vangs van 27,29kg. Sy persoonlike beste.



Jehoshua de Bruyn en Quirianè Charilaou is gekies as die Hoërskool Reitz se VRL-verteenwoordigers vir Graad 11.



Wian Nel en Kaitlyn van der Schyf is gekies as die Hoërskool Reitz se VRL-verteenwoordigers vir Graad 10.



Die volgende leerders was die trofee-wenners tydens die Kleuratletiek-byeenkoms van Hoërskool Reitz. Hulle is van links: Sariet Slabbert (Victrix Ludorum), Zita Coetzee (veelsydigste dogtersatleet) en Thoriso Mokoena (Victor Ludorum en veelsydigste seunsatleet)

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON | Tel: 058 853 0006

GiG Technologies
Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support
Technology without the headache!

# *Uit die pen:*



## WEEK 7 VAN 2022

Ek is vroeg in my lewe koshuis toe. Blykbaar as gevolg van die skool se groen bus wat nie gereeld sy roetes kon voltooi nie. Dit was nie altyd lekker nie, maar gelukkig was my sussie in dieselfde koshuis vir twee jaar. Toe sy uiteindelik universiteit toe is, kon ek darem alleen funksioneer.

Na skool is ek weer koshuis toe, hierdie keer by die universiteit. En asof ek nie genoeg daarvan gehad het nie, woon ek daarna ook weer in drie koshuise terwyl ek skoolhou.

Die laaste skoolkoshuis was nogal pret. Ons het dit maar pret gemaak, want anders was dit maar net soos wat die kinders dit ervaar het: vaal. Vaal vloere, vaal mure, vaal badkamers. Hoekom alles in sulke dowwe kleure geverf moes word, sal nugter weet. Dit het soos Cobra vloerpolitoer en gebrande kool geruik.

Die laaste koshuis het kinders vanaf Graad 1 gehad. Ek was baie jammer vir die kleine kindertjies dat hulle so vroeg koshuis toe gestuur moes word. Die ironie was dat die ouers nie twee keer sou dink om die kinders oor naweke ook in die koshuis te los nie. Ses jaar oud ten spyt. Daarom was daar nooit naweke kinders in die koshuis nie: om die ouers soort van te dwing om hulle elke naweek te kom haal. Anders sou sommige ouers hulle kinders een keer per kwartaal sien.

Die meisies- en seunskoshuis was so 400 meter van mekaar. Die gemeenskaplike eetsaal was by die meisieskoshuis. Een van ons instruksies was om die kinders vanaf die seunskoshuis in netjiese rye te laat stap tot by die meisieskoshuis vir ete, en dan weer terug. Ons het sommer gou-gou agtergekom dat hierdie 'n onmoontlike reël was.

Daar was 'n klein, tingerige seuntjie wat elke aand, met slaaptyd, oor sy ma gehuil het. Een middag, na studietyd, kom sê sy een maatjie dat hy 'n groot glips in sy broek gehad het. En dit was nie uriene nie.

Ek laat hom sy broek en onderbroekie uittrek en bondel dit in twee plastieksakke. Gelukkig sou sy ma hom die volgende dag kom haal vir die naweek. Ek kyk dat die rakker gewas word en hy trek skoon klere aan.

Die volgende week kom sy ma oop-en-toe by die koshuis aan, en vra of sy my kan sien. Die kinders sê dat ek nie nou aan diens is nie. Sy gee nie om nie. Iemand kom roep my.

"Vir wat steel jy my kind se klere?" Hoe nou, mevrou? Watter klere sou ek gesteel het?

"Sy broek en sy onderbroek!" Die antie is siedend kwaad. Ek dog by myself: hierdie geveg is nie myne nie, en ek laat roep die seuntjie. Ek wonder so by myself hoe sy gedink het ek in die klein seuntjie se broek en onderbroek sou pas.

"Vertel vir jou ma waar is jou broek en onderbroek of ek gaan haar vertel." Seuntjie bars in trane uit en vertel vir haar dat hy te skaam was om haar te vertel wat gebeur het, en toe sê hy dat ek sy klere gesteel het. Die ma is, sonder om verskoning te vra, terug van waar sy gekom het.

'n Ander klein seuntjie wissel sy tand en kom wys ewe trots sy klein melktandjie. Ek en Marius vertel hom van die tandemuis. Sy ouers het hom nooit van die tandemuis vertel nie.

Ek haal een van sy skoolskoene uit sy kas en sit dit langs sy bed neer. Marius gaan haal 'n paar velletjies toiletpapier waarmee ons die skoolskoen mee uitvoer. Ons vertel hom in detail van elke liewe huisie wat die tandemuis al vir die tandekolonie gebou het van al die mense se melktande. Die seuntjie luister aandagtig. Ons vertel ook dat die tandemuis gereeld 'n geldjie los in ruil vir die tand.

Natuurlik moet ons die hele storie geloofwaardig maak.

Ek vat die besemstok en tik-tik teen die plafon. Ek wag 'n rukkie en tik-tik weer. Ewe skielik is daar 'n paar muispote wat oor die plafon skarrel (ek het voor daardie tyd nooit 'n muis op die plafon gehoor nie).

Die seuntjie en sy kamermaats se gesigte het opgehelder en het vinnig in die bed geklim. Ons het die lig afgesit. Ek en Marius het, 'n paar koppies koffie later, in hulle kamer ingesluip en die tand vervang met 'n geldjie.

Die seuntjie het die volgende oggend opgewonde sy geldjie kom wys. Ek is amper seker dat dit die meeste geld was wat hy nog ooit in sy klein handjie gehad het.

'n Klein, blondekop seuntjie het elke middag saam met sy twee ouer boeties ná skool koshuis toe gekom om ten minste een voedsame maaltyd te kon kry, sowel as om huiswerk te kom doen. Al drie boeties was maar redelik stout. Blondekoppie was oorgewig en baie bekkig. Hy het gevloek soos 'n matroos, ek kon hom net nie uitvang nie.

Een middag met ete staan klein Blondekoppie met 'n maatjie en praat, en ek staan agter hom. Hy was natuurlik onbewus daarvan. Die vloekwoorde rol soos albasters uit sy mond. Ek vat sy dikkerige nekkie stewig vas en bestuur hom tot by die etenstafel. Ek vat die peperpotjie en sê: "Maak oop." Ek gooi 'n stewige skeut peper in sy oopgesperde mond. "Kou!" Blondkoppie kou. Ek sê: "Maak oop." Ek gooi nog 'n skeut peper in sy mond. "Kou!" Hy kou. Hy hyg soos 'n windhond wat nou net 'n onwettige hondewedren klaargemaak het.

'n Paar minute daarna kom die koshuisvader aangestap en Blondekoppie proes om van die laaste peper ontslae te raak. Die koshuisvader vat hom aan sy dikkerige nekkie en vra: "Hoekom lyk jou gesig so?"

Blondekoppie sê hy het peper in sy mond gekry omdat hy so vloek. Van wie af, vra koshuisvader?

Blondekoppie wys met sy pokkelvinger in my rigting. "Dit was daai vette!"

Blondekoppie is nou al seker amper 30, en ek het hom nooit weer hoor vloek nie. Dalk was hy maar net versigtig.

# KENNISGEWINGS

Form JJJ

**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER TE28178/2006** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **SESSIE CYNTHIA ZAPI, ID: 550302 0311 088** in respect of certain
**ERF 1419 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 556 (FIVE FIVE SIX) SQUARE METERS**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Date at Heilbron this 7 February 2022.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON**
**9650**
**TEL: 058 852 2035**

Form JJJ

**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T5545/2009** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **MOSIUWA ENOCH MOSIA, ID: 860427 5942 085** in respect of certain
**ERF 4157 PHIRITONA EXTENTION 4, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 410 (FOUR HUNDRED AND TEN) SQUARE METERS**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Date at Heilbron this 7 February 2022.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON**
**9650**
**TEL: 058 852 2035**


**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047


Form JJJ

**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T8099/1996** passed by **THE EXECUTOR IN THE ESTATE OF THE LATE STEPHANUS PHILIPPUS ELS** and **JOHANNA CHRISTINA ELS** in favour of **SYBRAND JOHANNES BOTHA, IDENTITY NUMBER: 460528 5065 084** and **MADELIEF BOTHA IDENTITY NUMBER: 500116 0059 088,** married in community of property to each other in respect of
**ERF 57, HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, FREE STATE PROVINCE, MEASURING: 1 606 (ONE THOUSAND SIX HUNDRED AND SIX) Square Metres**
**HELD BY DEED OF TRANSFER T8099/1996 which has been lost or destroyed.**
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Date at Heilbron this 16th day of February 2022.
**APPLICANT: PP VAN DER MERWE**
**VAN DER MERWE & PARTNERS INC.**
**ADDRESS: 47 ELS STREET,**
**P.O. BOX 58, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL ADDRESS: merlaw@phillaw.co.za**
**CONTACT NUMBER: 058 852 2041**

**KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING**

In die boedel van **WYLE PETRONELLA CATHARINA SUSANNA WILKEN, IDENTITEITSNOMMER: 430221 0051 088,** wie getroud was binne gemeenskap van goedere met **MARTHINUS PETRUS WILKEN, IDENTITEITSNOMMER 390211 5001 087,** in lewe 'n pensioenaris van Huis Bron-van-Heil, Heilbron.
**BOEDELNOMMER: 009152/2021**
Hiermee word kenis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**EKSEKUTEUR**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**

**Woordsoek**




**Vrugte Woord soek**




**BIBLIOTEEK OOP**

*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE


**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
Muller DRAAIWERKE
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**


**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

***HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS***

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

***Winkelure***

**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


**BLOEDSKENK DATUMS - 2022**

Give blood save life

| | |
|---|---|
| 22 Maart | |
| 24 Mei | 26 Julie |
| 27 September | 29 November |





**POSTNET HEILBRON**

**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**

· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

POSTNET Digital

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

**OVERNIGHT COURIER**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078 **TO ALL MAIN CENTRES**



HERALD Sport

# NOU WIL DAMES GHOLF SPEEL



*'n Positiewe uitvloeisel van Heilbron Gholfklub se Adam en Eva dag is 'n paar dames wat gevra het of hulle kan aansluit. Hulle het dit baie geniet en het die gedruis van vrouestemme in die klubhuis sommer 'n ander atmosfeer gegee. Die wenners regs op die foto soos volg: Johan Nelson en Isabelle Hausleitner (45), Gerrie en Suzilda Muller (43), Leonard en Sulé Strydom (42) en Andrew Adams en Telanie Strydom (40).*

# HEILBRON KRIEKET NUUS

Vanderbijlpark wen T20 met 33 lopies danksy uitstekende boulaanval.

**Heilbron se beste boulers:**

1. Armand Smit, 4 paaltjies vir slegs 15 lopies na 3.3 beurte.
2. Theuns Botha, 3 paaltjies vir 31 lopies na 4 beurte.
3. Rudi Bruwer, 2 paaltjies vir 21 lopies na 4 beurte.

Armand Smit het 25 lopies geslaan vanaf 13 balle.

Uitstekende vangskoot deur Danie Richardt en Rudi Bruwer met 'n blitsvinnige stonk wat Vanderbijlpark onder druk geplaas het.

Heilbron is tans 5de op die punteleer met 27 punte.

Ongelukkig het 6 wedstryde uitgereën en dit het Heilbron se kanse verswak om punte te kry vir 'n beter plek op die punteleer.

Die volgende wedstryd is die 26ste Februarie 2022. Alle toeskouers is welkom.

**2nd League Log Standing**

| CLUB | PLAYED | WON | LOST | DRAWN | POINTS |
|---|---|---|---|---|---|
| Meyerton CC 2nd | 13 | 11 | 0 | 2 | 59 |
| Route 66 CC 2nd | 12 | 8 | 1 | 3 | 46 |
| Sasolburg CC 2nd | 13 | 6 | 4 | 3 | 36 |
| Vereeniging CC 2nd | 13 | 4 | 4 | 5 | 30 |
| Heilbron CC | 12 | 3 | 3 | 6 | 27 |
| Vanderbijlpark CC 2nd | 12 | 3 | 4 | 5 | 25 |
| Rust ter Vaal CC | 12 | 2 | 5 | 5 | 20 |
| Old Vaal CC 2nd | 12 | 1 | 8 | 3 | 11 |
| Sharpville CC | 11 | 0 | 9 | 2 | 4 |











Winkelure

MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30 • SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 21 FEBRUARIE 2022**

BULTFONTEIN Vetvee veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

**DINSDAG - 22 FEBRUARIE 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

HARRISMITH: FERRERO BONSMARA
11:00, Grootdraai, Harrismith
Kontak John Campher 072 202 0160

**WOENSDAG - 23 FEBRUARIE 2022**

PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

NEWCASTLE: HCW HUGO BOERDERY
Vroulik dier veiling
11:00, Dabekskraal, Newcastle
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

**DONDERDAG - 24 FEBRUARIE 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

KROONSTAD: PRO-GENEPOEL SAVM
11:00, Kroon Boma, Kroonstad
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**VRYDAG - 25 FEBRUARIE 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

MEMEL: HIGHLAND WILDSVEILING
12:00, Eljoenai, Memel
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138



www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za